# 'N NUWE BEDELING

Die jaar 1963 sal in die annale van „Koers" bekend staan as die begin van 'n nuwe bedeling. Op die voorblad word aangekondig dat die direksie en redaksie in die toekoms afsonderlik sal funksioneer. Dit stel die direksie in staat om sy volle aandag aan die uitbouing van die blad te gee, veral ten opsigte van die administratiewe en finansiële aspekte daarvan. Die lede van „Koers" het daarin geslaag om bekwame en ervare persone uit die akademiese geledere bereidwillig te vind om op die direksie te dien. Aan hulle word sterkte en sukses toegewens met die mooi onderneming. Dit sal nie sonder betekenis wees dat die blad nou juis in die dertigste jaar van sy bestaan hierdie stimulus en kragvernuwing kan ondervind nie.

Aan die medelede van die redaksie betuig ek my hartlike dank dat hulle sonder enige geldelike vergoeding gewillig is om kosbare tyd en lewenskragte aan te bied vir die verwesenliking van 'n ideaal. Die loon van eie geestelike verryking is gelukkig altyd daar. Aan die nuwe lede op die redaksie roep ons 'n hartlike welkom toe, met die versekering dat die blad groot wins sal behaal deur hulle medewerking.

Graag wil ek ook van die geleentheid gebruik maak om die Raad van die P.U. vir C.H.O. hartlik te bedank vir sy belangstelling en konstante ondersteuning van „Koers". Dit was en is nog steeds die strewe van die direksie en redaksie dat die blad ook vir die P.U. vir C.H.O. 'n sieraad moet wees. Deur die Raad se hulp kan die blad weer as 'n maandblad voortgaan.

Maar „Koers" wil ook in wyere kring sy roeping vervul. Daarom rig ons 'n vriendelike uitnodiging aan alle Calvinistiese denkers in ons vaderland om ons blad as publikasiemiddel te gebruik. Ons plaas met waardering artikels wat op Calvinistiese grondslag verdieping en opskerping gee van ons standpunt oor die probleme van die lewe en van ons land en volk.

Redakteur.